# Die stigting van die huis as kern van die outentieke gelofte van Bloedrivier, word nie eerbiedig tydens Geloftefees byeenkomste nie.

Besprekingspunt tydens die 18-20 April Volkskonsilie van die Geloftevolk te Vryburg.

Die video is beskikbaar op: YouTube: Geloftevolk op pad na vryheid.

https://youtu.be/pI1OUGZaepY?si=fUYr5jGGGkSfJDQ_

Geagte volksgenote

Hierdie besprekingspunt mag vreemd wees vir sommige van u. Die stig van 'n huis en die outentieke Gelofte. Baie volksgenote weet net van die Gelofte wat Sarel Cilliers afgelê het. Dit is mos die alombekende Gelofte van Bloedrivier.




"My broeders en mede- landgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag, soos 'n sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hul met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van Sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee.

My gebruikmaking van die Heilige Name en Raadpleging en Lotsbeslissing is nie meer so vreemd nie. Ter wille van u wat dit die eerste keer hoor verduidelik ek dit kortliks.

1. **Die Heilige Name** het betrekking op die Name van ons hemelse Vader en Sy Seun soos dit in die Hebreeuse en Griekse Grondtekste van die Bybel opgeteken is. Ons hemelse Vader se Naam is JaHWeH en Sy Seun se Naam is JahShua. Ons het hulle as die HERE en Jesus leer ken. Ek gebruik Elohijm in die plek van God en MaShiJaH in die plek van Christus.
2. **Lotsbeslissing**. Tweedens noem ek aan u dat ons as Geloftevolk Koördineringskomitee die besprekingspunte van die Sakelys vasstel

d.m.v. raadpleging en lotsbeslissing, soos wat Matthías in die plek van Judas Iskariot aangewys is volgens Hand.1:15-26 [1].

a. **Andries Pretorius** is met die lot aangewys as leier van die Strafkommando [eindnota i ] soos wat **in hierdie koerantberig** opgeteken staan.


meen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door gemelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe ongaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den


Die berig is uit hierdie koerant. Dit is: *"De Zuid-Afrikaan, Vrydag den 14 Juny 1839".*


De Zuid-Afrikaan.
VRYDAG DEN 14 JUNY 1839.

---

[1] **Hnd 1:20** Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woes word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En: Laat 'n ander een sy opsienersamp neem *(Ps.109:8).* :21 Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in— en uitgegaan het, :22 van die doop van Johannes af tot op die dag dat Hy van ons opgeneem is—van hulle moet daar een saam met ons getuie word van sy opstanding. :23 En hulle het twee voorgestel: Josef wat genoem is Bársabas, met die bynaam van Justus, en Matthías. :24 En hulle het gebid en gesê: U, Here, wat die harte van almal ken, **wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het** :25 om die lot van hierdie bediening en apostelskap te verkry, waarvan Judas afgewyk het om heen te gaan na sy eie plek. :26 Toe werp hulle die lot, **en die lot het op Matthías geval**; en hy is gekies om saam met die elf apostels te wees.

Dit bevat die joernaal van die Strafkommando waarin Pretorius se


GRATIS AAN DE INTEEKENAREN VAN "DE ZUID-AFRIKAAN."

DE UITGEWEKENE BOEREN TE PORT NATAL.

aanstelling met die lot beskryf word.

b. Die eerste **Voortrekker kerkraad** in Natal is ook met die lot aangewys en is opgeteken in Erasmus Smit se dagboek [ ii ],

c. Raadpleging en lotsbeslissing is dus nie onskriftuurlik nie, inteendeel. Vader JaHWeH sal volgens **Sef.1:6** besoeking doen oor hulle wat van Hom afvallig word en Hom **nie raadpleeg nie**.

Die gebruikmaking van Raadpleging en Lotsbeslissing is dus ‘n baie belangrike Skriftuurlike instelling en het jammerlik kort na die Groot Trek vir ons vreemd geword.

## A. Samestelling van die Besprekingspunt deur Raadpleging en Lotsbeslissing.

Ek noem solank aan u wat ons vraag was wat gelei het tot die bewoording van die besprekingspunt:

| |
|---|
| Kerkdiens i.p.v. Geloftebetaal as nakoming van Geloftes. |

Tydens ons formulering van hierdie besprekingspunt was dit ons oortuiging dat ons Geloftes nie nagekom word tydens Geloftedag kerkdienste nie.

**Hiermee volg die redes vir ons standpunt:**


i. Die **rede** waarom ons die **kerkdienste as nakoming van die geloftes** in twyfel trek, is omdat predikante die dienste lei en as sprekers optree en die Alombekende Cilliers weergawe eerbiedig. Dit is **nie eg nie** omdat dit 'n **rekonstruksie** is van wat die kommandolede na meer as **30 jaar** na die Slag van Bloedrivier kon onthou. Die rekonstruksie is in **1919 gepubliseer**, wat 81 jaar ná Bloedrivier is.




"My broeders en mede- landgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag, soos 'n sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hul met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van Sy Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee.


ii. Die alombekende weergawe van die gelofte **verskil ingrypend** van die **Joernaalweergawe** van 7 dae vóór Bloedrivier. Daar is **81 jaar tussen** die Joernaalweergawe en die Alombekende weergawe.



Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander kómen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien. allen wel wilden),—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden

iii. Ons huldig die standpunt dat die **weergawe** van 9 Des.1838 **outentiek** is. Dit is **sewe dae vóór** die geveg reeds neergeskryf in die **amptelike dagboek** of joernaal van die kommando.




Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander kómen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien. allen wel wilden),—"om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden

iv. Die joernaal is ses maande na Bloedrivier in **De-Zuid-Afrikaan van 14 Junie 1839** gepubliseer. Dit is **geloofwaardig** of outentiek en moet aan die volk voorgehou word.




v. Die outentieke Gelofte is in **aanhalingstekens** genotuleer. Dit is dus dit wat Andries Pretorius aan Jan Bantjes **gedikteer** het. Daarna is dit deur die **kommandante** aan hul **gemeentes voorgehou**, algemeen aanvaar en in 'n **openbare gebed** afgelê.


eene gelofte doen wilde, (indien. allen wel wilden),—" om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden


vi. Waar die aflegging opgeteken is, staan daar: ***"de belofte voormeld** aan God werd gedaan"*


EN VAN "DE ZU

spreak over de 24 eerste verzen van het 6 Kapittel uit Judicum of de Rigteren; besloot vervolgens met het Gebed, waarin de belofte voormeld aan God werd gedaan, en eene krachtige smeking, om Gods hulp en bystand, in het volbrengen derzelve; er werd weder gezongen, de 12 en 21 verzen van voorm. 38 Psalm, en hy besloot de godsdienst, door het zingen van Psalm 134. Naiden middag werd weder eene byeenkomst gehouden, en men zong verscheidene toepasselyke verzen; de Heer Cilliers maakte weder een aanspraak, en verrigte het openbare gebed; op welke wyze, ook de avond werd doorgebragt.

Judicum of de Rigteren; besloot vervolgens met het Gebed, waarin de belofte voormeld aan God werd gedaan, en eene krachtige smeking, om Gods hulp en bystand, in het volbrengen de 12 en 21

vii. "De belofte voormeld" **bo in kolom drie** van die joernaal verwys na die vorige paragraaf onderaan kolom twee waar die gelofte genotuleer is. Daar kan dus nie meer gesê word dat ons nie weet wat die presiese woord van die gelofte is nie.


Des Zondags morgen, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen volyverig in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien. allen wel wilden),—" om zoo de Heere ons de overwinning geven mogt, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, alwaar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden

Dit is op **skrif gestel** in die **joernaal** en **gepubliseer** in die koerant. Dit **getuig teen die alombekende** Gelofte van 81 jaar later.

viii. Ons is verder van **mening** dat die **gebruikmaking** van die Alombekende




weergawe, **strydig is met die geskiedenis en die Skrifte**. Dit het nie oor die geloftemakers se **lippe** gegaan nie, soos wat in **Deut.23**:21-23 vereis word.

Dit is dus 'n **sonde** om dit as die Gelofte van Bloedrivier aan die **volk voor te hou** en die volk **daaraan te bind**.

ix. Slegs die **Joernaalweergawe is outentiek** en is die enigste weergawe




wat **met reg aan die volk** voorgehou mag word.

a. Dit word **bevestig** met Andries Pretorius se **Verslagweergawe** van


Verder wensch ik UE. ook ter kennisse te brengen, dat wy alhier onder elkanderen beslo-ten hebben. om den dag onzer overwinning, zynde *Zondag, den* 16 *dezer maand December, onder ons gansche geslacht te doen bekend worden*, en dat wy het aan den Heer wil-len toewyden, en vieren met Dankzeggingen, zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand stre-den, *in het openbaar gebed beloofd hebben*, zoo ook, dat zoo wy de overwinning verkrygen mogen, wy den Heere tot zyns naams gedach-tenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal; welke geloften wy nu ook hopen te betalen, met de hulp des Heeren, nu hy ons gezegend, en onze gebeden verhoord heeft.

Vertrouwende dat deze, enz.

A. W. J. PRETORIUS,
Hoofd-Kommandant.

23 Des.1838, **7 dae na** Bloedrivier, wat ook in die **koerant** gepubliseer is.

Dit in kort die redes vir ons standpunt waarom ons van mening is dat die geloftes nie nagekom word met die kerkdienste nie.

Noudat u weet wat die agtergrond is, lê ek die verloop van die Raadpleging en Lotsbeslissing aan u voor.

**i. Ons vrae het as volg verloop:**

| |
|---|
| 1) Die eerste vraag was: Kerkdiens i.p.v. Geloftebetaal as nakoming van Geloftes . |

Vader JaHWeH het die eerste vraag met Raadpleging en Lotsbeslissing **in beginsel goedgekeur** deur vir ons die geleentheid te gee om die vraag te herformuleer en Hom **weer** te vra. Indien Hy Nee geantwoord het, sou hierdie besprekingspunt afgewys gewees het.

Die volgende vrae is toe aan Vader JHWH voorgelê:

| |
|---|
| 2) Word die Gelofte van Bloedrivier betaal by wyse van die kerkdienste soos bv. gehou by Paardekraal op Geloftedag? |

| |
|---|
| Sy antwoord was: Vra weer |

| |
|---|
| 3) Die Gelofte van Bloedrivier word nie betaal by wyse van kerkdienste nie. |

| |
|---|
| Vra weer. |

| |
|---|
| 4) Word die Gelofte van Bloedrivier betaal by wyse van Kerkdieste? |

| |
|---|
| Vra weer. |

| |
|---|
| 5) Die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte word nie eerbiedig tydens Geloftefees byeenkomste nie. |

| |
|---|
| Vra weer. |

**6) Die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier word nie eerbiedig tydens geloftefeesbyeenkomste nie.**

**Sy antwoord was Ja.**

**Let op** dat die laaste vraag **net die woord Bloedrivier** by moes kry, **aangesien daar ander outentieke** geloftes kan wees en dit hier **spesifiek handel** oor die **outentieke Gelofte van Bloedrivier.**

Hiermee kan u **sien hoedat die besprekingspunt** saamgestel is**. Die rede vir die vrae** is uiteengesit en die raadpleging **van hoe** Vader JHWH deur Sy Seun en Gees **ons gebring het** by hierdie bewoording.

Ons het **besef** dat daar **fout is met die nakoming** van die Geloftes, dat dit volgens Deut.23:21**-23 neerkom op 'n sonde** en van ons **geëis** word.

Daar is **binne eie geledere 'n oorsaak** vir die huidige **verslegtende** situasie, en het ons dit as 'n **moontlike besprekingspunt** aan Vader JaHWeH voorgelê.

Nou weet u hoe en waarom hierdie besprekingspunt aan die orde gekom het. – Deur kennis van ons geloftes se geskiedenis en Lotsbeslissing

**B. Die besprekingspunt bevat die volgende elemente wat uitgeklaar moet word, nl:**

- 1) Die outentieke Gelofte van Bloedrivier,
- 2) Die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier.
- 3) Die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier, word nie eerbiedig tydens Geloftefees byeenkomste nie.

## 1) Die outentieke Gelofte van Bloedrivier

Met die begrip outentiek word die volgende bedoel: oorspronklik, betroubaar, geloofwaardig en eg.

Die **noodsaak van 'n gelofte** het op **aandrang** van Andries **Pretorius** tydens die Strafkommande se **aantog teen Dingaan ontstaan**. Hy het veral met Sarel Cilliers gesprek hieroor gevoer. Die gesprekke het uiteindelik tot die volgende bewoording gelei:

> dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde (indien allen wel wilden), *"om zoo de HEERE ons de overwinning geven mogt, een Huis tot Zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten alwaar het Hem zal behagen – en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Ere van God gevierd mag worden."*

Soos genoem is hiedie **bewoording aan die drie gemeentes** onder leiding


EN VAN "DE Z

speak over de 24 eerste verzen van het 6 Kapittel uit
Judicum of de Rigteren; besloot vervolgens met het Gebed,
waarin de belofte voormeld aan God werd gedaan, en eene
krachtige smeking, om Gods hulp en bystand, in het vol-
brengen derzelve; er werd weder gezongen, de 12 en 21
verzen van voorm. 38 Psalm, en hy besloot de godsdienst,
door het zingen van Psalm 134. Namiddag werd weder
eene byeenkomst gehouden, en men zong verscheidene toe-
passelyke verzen; de Heer Cilliers maakte weder een aan-
spraak, en verrigte het openbare gebed; op welke wyze, ook
de avond werd doorgebragt.

van hul kommandante voorgehou vir deelname daaraan, wat **algemeen aanvaar** is en later daardie dag, nl. die **9de Desember 1838 afgelê is.**

Dit dien beklemtoon te word, dat **bewerings dat ons nie weet** wat die **bewoording** van die Gelofte is nie**, nie waar is nie**. Daar **was 'n tyd** dat die Voortrekkers **nie meer die joernaal** en die koerant in hulle besit gehad het

nie, en **aangewese was** van wat Sarel Cilliers en ander kommandolede **kon onthou** en wat in 1876 deur JH **Hofstede** opgeteken is [2].


Maar sedert **1947 is daar geen verskoning** vir die gebruik van die Alombekende weergawe nie aangesien **proff. H.B. Thom en S.P. Engelbrecht** in hul verslae aan die Sentrale Volksmonumentekomitee, **melding gemaak het van die Outentieke gelofte** soos opgeteken deur Jan Bantjes in die Joernaal van die Strafkommando.



Die Bantjes weergawe, wat ook die Joernaal weergawe genoem kan word, is die Outentieke weergawe van die Gelofte van Bloedrivier

Dit weerlê die bewerings dat die Alombekende Cilliers weergawe die regte weergawe is.





Noudat die **outentieke Gelofte van Bloerdivier** vasgestel is, kom punt 2 aan die beurt:

- 1) Die outentieke Gelofte van Bloedrivier,
- **2) <u>Die stigting van die huis</u>** as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier.
- 3) Die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier, word nie eerbiedig tydens Geloftefees byeenkomste nie.

2) **Die stigting van die huis** as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier.

**Vanuit** hul **Bybelse bestaanswyse** was die Voortrekkers **bekend** met die aflegging van 'n gelofte. Hulle was ook **bekend** met die **stigting van 'n huis**

[2] In 1876 publiseer Hofstede sy boek getiteld: 'Geschiedenis van den Oranje-Vrijstaat'.

**waar dit Vader JaHWeH sou behaag**. Anders **sou hulle dit nie deel** van die Gelofte gemaak het nie.



Met hul **stryd** teen die Zoeloes **bewapen** hul hulself nie net met vuurwapens nie, **maar betrek** hul hul hemelse Vader in 'n Gelofte waarin hulle beloof om vir Hom **'n huis te stig ter ere van Sy Groot Naam waar dit Hom behaag** <u>en Hom sal **bly smeek** vir Sy hulp en **bystand** totdat die gelofte **volbring** is.</u>




Hierdie gelofte kom **volgens Bybelse norme** neer op 'n **volksregering** onder die wet.

Dit is opgeteken waar **Ahía** met sy nuwe mantel vir Jerobeam raakloop ...

| |
|---|
| **1Kon.11:38** En as jy **luister na alles wat Ek jou beveel** en wandel in My weë en doen wat reg is in My oë **deur My insettinge en My gebooie te hou**, soos My kneg Dawid gedoen het, **dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig,** soos Ek vir Dawid gestig het, en Israel aan jou gee. |


Hiervolgens is die **stigting van die huis 'n Teokrasie**. Hulle **beloof** dus dat **hulle op Teokratiese wyse** 'n bestaan wil voer **waar** dit Hom **behaag**.

Dit sluit aan by Andries Pretorius se brief aan **ds. Van Der Lingen** waarin hy skryf dat hulle met die trek in die vreemde in vir God **tot volk wil word [eindnota [iii] ]**.

Om die huis te stig **waar dit Hom behaag,** deel te maak van die Gelofte, moes hulle **Raadpleging** en Lotsbeslissing in **gedagte** gehad het.

Hulle was **in aantog teen** die **Zoeloeleer**. Hulle het **nie geweet** wat hulle **voorland** was nie.

As Vader JaHWeH hul **die oorwinning sou gee** wou hulle **ook die plek** waar die huis gestig moes word, **aan Hom oorlaat**.



den Klerk des Volks Raads, ... door den Hr. J. G. BANTJES, Secretaris van den Hoofd-Kommandant, die gedurende de expeditie als heeft geageerd:—

Nademaal de Heer ANDREAS WILHS. JACS. PRETORIUS, eenige dagen geleden alhier is aangekomen, met eene party zyner manschappen, ten einde met een kommando, in den kryg tegens *Dingaan*, Opperhoofd der Zoolas op te trekken, om te trachten het, door hem, van onze dood gemartelde mede-reizigers geroofde, terug te halen; ontstond er ten gevolge van dien aankomst, groote blydschap onder het algemeen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door gemelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe oogaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den staat waarin zyne mede-reizers verkeeren, in het lager als in een gevangenis opgesloten zynde, hy die gewigtige taak, gewilliglyk op hem nemen zou, en zyne vermogens zoude inspannen, om te doen, hetgeen onze wezentlyke belangens vorderen. Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzigtig bestier zoude plaats hebben, om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, aan te teekenen.

Zoo was het dan, dat ik my haastte, en zond des anderen daags, zynde den 27sten Nov. 1838, mynen wagen, naar de ...

Omdat Vader JaHWeH vir Andries Pretorius **twee weke voor** die aflegging van die Gelofte **met die lot aangewys** het as die bevelvoerder van die Kommando, **sou dit vir hulle moontlik** wees om **vas te stel** waar dit Hom sou behaag dat die huis gestig moet word.

Sewe dae ná Bloedrivier skryf Andries Pretorius **in sy Verslag** aan die Volksraad en maak hy ook **in sy weergawe** van die Gelofte melding dat **JaHWeH die plek moet aanwys**:

> *"Verder wens ik UE. Ook ter kennis te brengen, dat wy alhier onder elkander besloten hebben, om den dag onzer overwinning , zynde Zondag den 16 dezer maand December, onder ons gansche geslacht te doen bekend worden, en dat wy het aan den Heer willen toewyden, en vieren met Dankzeggingen, zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand streden, in het openbare gebed beloofd hebben, zoo ook, dat zoo wy de overwinning verkrygen mogen, wy den Heere tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen,* ***alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal****; welke geloften wy nu ook hopen te betalen, met de hulp des Heeren, nu hy [sic] ons gezeggend, en onze gebeden verhoord heeft."*

JaHWeH moet dus die **plek aanwys**.

Het JaHWeH **se aanwysing van waa**r die huis gestig moet word **al gebeur**?

**Ja dit het!**

Dit was **ses maande gelede** 'n **besprekingspunt** tydens die Sept. 2024 Volksvergadering te Holfontein:–
https://www.youtube.com/watch?v=yE9JqG7TOn0&list=PLTxJ9voTNehrnpSWfA0u2r42y2jBV-oxR&index=1&pp=iAQB

*Die belangrikheid van die Paardekraal gelofte vanuit hemelse*




*perspektief ter stigting van die* ***Teokrasie van die Boererepublieke****.*

Dit beteken dat die Paardekraal gelofte [ iv ] belangrik is vanuit hemelse perspektief.

- Die Boererepublieke het Godgegewe grond geword met die vervulling van die Paardekraal Gelofte met die Eerste Vryheidsoorlog;
- Die Paardekraal gelofte is die nakoming van die Bloedrivier gelofte by Paardekraal;
- Die Bloedrivier Gelofte is 'n Teokrasie waar dit JaHWeH behaag;
- Die Boererepublieke is die plek waar die Teokrasie gestig moet word.
- JaHWeH het met hierdie besprekingspunt die plek aangewys binne gelofteverband.

Kan u sien waarom die Paardekraal gelofte belangrik vanuit **hemelse**




**perspektief**? Dit is wat Vader JaHWeH **in gedagte gehad**

**het** met beide die Bloedrivier- en Paardekraal geloftes- **Die Teokrasie in die Boererepublieke.**

**Die stigting van die huis** as kern van die **outentieke Gelofte van Bloedrivier** is dus 'n **Bybelse Teokrasie in die Boererepublieke.**

Nou kom die derde punt aan die beurt:

- 1) Die outentieke Gelofte van Bloedrivier,
- 2) Die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier.
- **3)** Die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier, **word nie eerbiedig tydens Geloftefees byeenkomste nie.**

**3)** Die stigting van die huis as kern van die outentieke gelofte van Bloedrivier, **word nie eerbiedig tydens Geloftefees byeenkomste nie.**



Dit beteken dat die **wyse waarop** geloftefeesbyeenkomste tans **plaasvind** nie die outentieke gelofte van Bloedrivier **eerbiedig** nie.



Dit beteken dat die **alombekende** Gelofte **nie as outentieke** vanuit **hemelse** perspektief **beskou word nie.**

Hierdie is 'n **hemelse teregwysing teen die wyse** waarop Geloftefees-byeenkomste tans plaasvind **t.o.v. watter weergawe gebruik word**.

Dit sluit die **kerkdienste** en die **gassprekers** in, asook die



**geloftefeeskomitees** wat die **program** opstel en die sprekers **uitnooi** en die alombekende **weergawe** op die **programme plaas** en die **volk daaraan bind.**



Dit **spreek** ook die **volksgenote aan** wat **bewus** is van die **outentiekek Gelofte** en nie die geloftefeesbyeenkoms **tot orde roep nie**.

Die hele feesgeleentheid **eerbiedig nie die stigting van die huis as kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier, nie.**

Die **hele byeenkoms** volhard in die **sonde van geloftevers uim**, wat lei tot die **strafgerig** waarin ons ons tans bevind soos opgeteken in Deut.23 en Pred.5.

**Ons het met JaHWeH die Almagtige Elohijm te doen** en met die gelofte wat met **Hom** aangegaan is **en wat Hy aanvaar het**.

a. Die outentieke Gelofte word **nie eerbiedig nie**.
b. Die Huis word nie gestig nie
c. en JaHWeH se voorskrifte m.b.t. gelofteversuim word nie ernstig opgeneem nie.

**Dit is 'n uiterste ernstige saak as die Almagtige van Hemel en aarde, die Geloftefeesbyeenkomste vermaan teen gelofteversuim!**

JaHWeH het dit **nie teen die enkele** Geloftefeesbyeenkomste wat die outentieke gelofte nakom nie.

Hy **vermaan uit Sy Troonkamer** met lotsbeslissing die geloftefees-byeenkomste **wat weier om die outentieke gelofte te eerbiedig.**

Dit is om van te sidder.

**Dit is nie dat al die geloftefees komitees** en **predikante** en **sprekers** nie **bewus** is van die Outentieke Gelofte nie.

- Ek het dit al in **2008** onder die aandag gebring van- ek dink, die **Bond van Geloftefeeskomitees** se voorsitter.
- Ek het al **14 jaar gelede** begin om dit onder die aandag van **Geloftefees komitees met eposse** te bring.
- Ek het die koerant al oorhandig aan 'n vooraanstaande predikant  wat betrokke is by die Voortrekker monument se Geloftefeeste.
- Asook aan verskeie akademici wat hul bemoei met die Gelofte.
- Dit outentieke Gelofte is al in Ditsem nuus se Geloftefeeskalender 



gepubliseer.
- Boermedia het al die koerant en die outentieke weergawe bekend   gemaak.
- Radio Grootrivier het al 'n reeks van 10 aflewerings oor die Geloftes  uitgesaai

- Ek het ook al die outentieke weergawe aan die predikante gestuur waarvan ek epos adress bekom het vanaf hul amptelike webblaaie.

**Soos een man ignoreer hulle ons.**

- Byna nêrens hoor ek van Geloftefeesbyeenkomste waar die   outentieke Gelofte eerbiedig word nie. Met die uitsondering van vyf waarvan ek weet. Die res vermy die waarheid oor die Gelofte van Bloedrivier.

Dit vind egter nie toevallig plaas nie, maar gekoördineerd soos wat ek verlede jaar agter gekom het met my korrespondensie met een van die Geloftefees komitees, vir wie ek gevra het om die outentieke Gelofte in te sluit by hul program, maar geweier is. Die rede wat hul aangevoer het is dat die Alombekende Cilliers weergawe die korrekte is. Die dokument wat hulle ter stawing van hul besluit voorgehou het is: *Die teologiese agtergronde van die Voortrekkergelofte (1838)*, *A W G Raath & E Erlank, Departement Staatsreg en Regsfilosofie, Universiteit van die Vrystaat*.

Hierdie studie neem nie die Bantjes Joernaalweergawe en die Pretorius Verslagweergawe in ag as weergawes van die gelofte ter stawing van die rekonstruksies wat tot die Alombekende weergawe gelei het nie – hoofstuk 4.2 par 1.

Die komitee se korrespondensie aan my weerspreek mekaar, daarin dat ander Historici van proffesore Raath en Pont veskil en my standpunt in der waarheid ondersteun:

> *"Historici soos Van Jaarsveld (1981:195-210; 1987:42-49), Spies (1988:51-62) en Straus (1994:7-28) het die betroubaarheid van - en die verskille tussen - bogenoemde weergawes (en dan veral dié van*

*Bantjes, A W J Pretorius en Cilliers) uitgewys. Wat die betroubaarheid van die bronne aanbetref som Straus (1994:12) dit soos volg op: 'Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat ons aan Bantjes en Pretorius voorrang moet gee in hulle weergawe van die gebeure by die aflegging asook die inhoud van die Gelofte, maar dat ons Clliers nie buite rekening kan laat nie.' Ook Van Jaarsveld (1981:202) beskou Bantjes en A W J Pretorius se weergawes as '...die twee mees betroubare dokumente...'. Die hoofrede hiervoor is die betrokke dokumente se ontstaanstyd wat die naaste aan die beskryfde gebeure is." - D.v.R. van den Berg & S.J. Botha bl.1029.*

Dit is asof Geloftefeesbyeenkomste blindelings weier om die outentieke weergawe te eerbiedig.

- Die outentieke Gelofte is ons as Geloftepligtige volk se VRYHEIDSMANIFES,



En

- en die Alombekende Gelofte het 'n STRAFGERIG geword.



Die **outentieke** Gelofte **beteken** dat **Vader JaHWeH** en JaHShua **direk oor**

**ons moet regeer**. Dit beteken dat **Hy voltyds vir ons sal wees soos** by Bloedrivier en Paardekraal tot Majuba. **As Hy vir ons is**, wie kan teen ons wees?

**Maar gelofteversuim deur die geloftefeesbyeenkomste het sonde in ons geword.**

Dit is op **sterkte** van Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5 **die oorsaak** van die **haaglike situasie** waarin ons ons tans bevind.

Dit is ‘n **geweldige aantuiging** wat ek maak wat baie **teenreaksie** kan beteken, maar dit het ten **doel** om die Geloftefeesbyeenkomste **in te lig dat** die **wyse** waarop die byeenkomste **tans plaasvind, nie die outentieke gelofte eerbiedig nie.**

Dit beteken dat die eerbiediging van die Alombekende gelofte

- nie eg is nie,
- nie geloofwaardig is nie,
- nie outentiek is nie
- en nie as die Gelofte van Bloedrivier

bekend mag staan nie.




Ek kan nie hieroor swyg nie, want dan sal ek ongehoorsaam wees teenoor ons hemelse Vader en nalaat om my liefde vir u as geloftepligtige volk te betuig.

Maar wat word dan eerbiedig tydens geloftefeesbyeenkomste?

## C. Die Alombekende Cilliers/Gerdener/Louw gelofte




*"My broeders en mede- landgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om ‘n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as ‘n dankdag, soos ‘n sabbat sal deurbring; en dat ons ‘n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hul met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van Sy*

*Naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van die oorwinning aan Hom te gee.*

Soos genoem is die **Alombekende** weergawe **81 jaar** na Bloedrivier deur GBA **Gerdener** gerekonstrueer uit:

1) Dit wat Sarel Ciliers **32 jaar** na Bloedrivier kon onthou

2) en dit wat J.H. Hofstede **38 jaar** na Bloedrivier gepubliseer het. [Sien die studiestuk: *Die outentieke weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838) - deur P.R. Swanepoel en P.C. Groenenstein (26 Augustus 2011)*.
https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2014111575959_item_2011-08-26-Outentieke-Gelofte-van-Bloedrivier.pdf

3) **En nog weergawes** waarna prof. Andries Raath verwys in sy publikasie: *Die teologiese agtergronde van die Voortrekkergelofte (1838)*, *A W G Raath & E Erlank, Departement Staatsreg en Regsfilosofie, Universiteit van die Vrystaat.*

Gerdener se rekonstruksie is in **1962** deur WEG Louw vertaal en word as die Gelofte van Bloedrivier beskou.

## D. Tekortkominge van Alombekende weergawe.

### 1) Geloofwaardigheid

**Die Alombekende** weergawe **ignoreer** die **vernaamste klousules** van




die tydgenootlike **Joernaalweergawe** wat deur Jan Bantjes op 9 Des.1838- 7dae vóór Bloedrivier, opgeteken is in sy dagboek. Dit is ook die geval met Andries Pretorius se **Verslagweergawe** van 23 Des.1838- 7 dae ná Bloedrivier.

**Beide Bantjes en Pretorius se weergawes** is onderskeidelik gedurende Junie en Februarie 1839 in **De Zuid-Afrikaan gepubliseer**.

| |
|---|
| Tydsgewys, plekgewys, persoonsgewys en pligsgewys val die Alombekende weergawe **nie** in dieselfde kategorie van **geloofwaardigheid** as die Bantjes- en Pretorius weergawes nie en is die Alombekende weergawe dus nie eg en outentiek nie. |

2) Die **stigting van die huis** ter ere van **Sy Groot Naam**, kom nie voor in die Gerdener weergawe nie, maar dat 'n **tempel tot Sy eer opgerig sal word**.

i. Die **oprigting van 'n tempel** is die bou van die Gereformeerde kerk.



ii. en die **stigting van 'n huis** is 'n Bybelse Teokrasie waar dit Hom behaag



Daar is dus **wesentlike verskille** tussen die Alombekende weergawe en die Bantjes weergawe **m.b.t. die Stigting van die huis** ter ere van **Sy Groot Naam.**

Dit volgende tekortkoming is:

3) **"en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen"**

Hierdie **klousule** is **weggelaat** uit die **rekonstruksie** deur **Gerdener**. Cilliers het dit nie genoem nie. Geskiedhundig gesproke **hét hulle daagliks vanaf 9 tot 15** Desember 1838 Vader JaHWeH **gesmeek** vir Sy hulp en bystand soos **opgeteken** is in die Bantjes **Joernaalweergawe**.

Die **daaglikse** uitvoering van hierdie klousule **bevestig** die Joernaalweergawe as outentiek en dit weerlê die Alombekende weergawe **as Gelofte van Bloedrivier**.

Dit beteken dat die **rekonstruksie** nie **al die weergawes** se **klousules** geakkomodeer het nie. Mens kan **nie 'n rekonstruksie** van 'n gelofte maak en **klousules** van die **brontekste weglaat** na willekeur nie.

Ons as Geloftepligtige volk **moet dus nog steeds** ons hemelse Vader **daagliks smeek** vir Sy hulp en bystand om die gelofte te volbring- tot die **huis gestig is.**

Die volgende tekortkoming is:

**4) Geloftekerk as vervulling van die Gelofte.**

Die **geloftefeeskomitees** en predikers en **geskiedkundiges** beskou die



**oprigting van die huis** as die **oprigting** van die soganaamde

**Geloftekerk** te Pietermaritzburg. Dit is volgens hulle **die vervulling** van die Gelofte.

i. Indien dit so is, **waarom** het die gemeente die Geloftekerk **verkoop**, wat daarna onderandere:

   a. ‘n **skool**, ‘n teekamer, ‘n sodawater fabriek en ‘n **wamakers** werkswinkel geword het,
   b. en byna gesloop is
   c. **en nou ‘n museum is en nie meer ‘n kerk nie?**



ii. **Indien** die Geloftekerk die **vervulling** van die Gelofte is,

   a. was dit **net die vervulling** van die Gelofte **terwyl dit as kerk** in gebruik was.
   b. Die skool en **teekamer** en sodawaterfabriek en wamakers werkswinkel **kan sekerlik nie** as die **vervulling** van die gelofte beskou word nie.
   c. Daar was **dus ‘n tyd dat** die sogenaamde Geloftekerk **nie bestaan het nie,**
      i. wat beteken dat die **Gelofte binne Gereformeerde konteks** in daardie **tyd** nie vervul was nie.
      ii. Die Vervulling **het nie bestaan** nie omdat dit **verkoop is** en as **besigheidsperseel** gedien het.
   d. **Mens verkoop nie** die Vervulling van die Gelofte nie.
   e. Die gemeente het **nie die kerk terug gekoop** toe dit byna **gesloop** is nie.
      i. Daardeur het die gemeente nie **belang gestel** om die gebou as **beweerde vervulling** van die Gelofte, in **ere te herstel** nie.

ii. Die gemeente sou nie so **onverskillig opgetree** het nie as **spesifiek** die sogenaamde Geloftekerk vir hulle die **vervulling** van die Gelofte was.

a) **EG Jansen** het die gebou **gekoop** om dit van sloping te red. Hy het dit aan die staat geskenk **om as museum** bewaar te word. [Brosure: 1840 Voortrekkermuseum Pietermaritzburg, bl.3 en 4]

Die **aanspraak** dat die Geloftekerk die **vervulling** van die Gelofte van Bloedrivier is, het dus verval vir diegene wat dit as die **vervulling** van die Gelofte **beskou**.



5) **Die "waar dit Hom behaag" klousule,** is die volgende tekortkoming van die Alombekende weergawe

**Vóór die bou** van die kerk het die **Volksraad** en **kerkraad** van Pietermaritzburg baie **meningsverskille** gehad van **waar die kerk** gebou moes word. Dit is opgeteken in hul **notules** en **Paul Kruger** het in sy 2009 Gelofterede te Paardekraal dit aangehaal [Eindnota [v] ].

**Indien die kerk** die vervulling van die Gelofte moes wees, **sou hulle** Vader JaHWeH **geraadpleeg** het m.b.t. die plek waar die kerk gebou moes word.

Volgens die **notules** het hulle die kerk gebou waar dit hulle ná baie **meningsverskil**, behaag het.

**Die kerk voldoen dus nie aan die klousule van waar dit Hom behaag nie.**

**E. Wat is nou die vervulling van die Gelofte van Bloedrivier?**

Dit is die Stigting van 'n Bybelse Teokrasie in die Boererepublieke.

In die Joernaalweergawe van die Gelofte is o.a. beloof dat hulle **'n huis sou stig ter ere van Vader se Groot Naam waar dit Hom behaag en dat hulle Hom sou smeek vir Sy hulp en bystand totdat die gelofte volbring is.**


Des Zondags morgens, voordat de Godsdienst begon, liet de Hoofd-Kommandant degenen die de Godsdienst zouden verrigten, by malkander komen, en verzocht hen, met de gemeente te spreken, dat zy allen vuriglijk in geest en in waarheid, tot God mogten bidden, om zyne hulp en bystand, in het slaan tegen den vyand; dat hy aan den Almagtigen eene gelofte doen wilde, (indien allen wel wilden),—" om zoo de Heere ons de overwinning geven moet, een Huis tot zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten, daar het Hem zal behagen, —en dat zy ook moeten afsmeeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aanteekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nakomelingen, op dat het ter Eere van God gevierd mag worden

i. **Die stigting van 'n huis** kom volgens 1Kon.11:38 neer op 'n Bybelse Teokrasie, wat die volk [Israel] is wat deur El3Enig regeer word.

**ii.** **Ter ere van Sy Groot Naam** is ter ere **van JaHWeH**. Dit kan nie op die HERE **betrekking** hê nie want **die HERE** is nie 'n naam nie, maar 'n vervanging van die Hebreeuse letters: JHWH [eindnota vi]. Die Voortrekkers het Hom ook as **Johovah** [eindnota **vii]** aangespreek, wat 'n **variasie** is van Sy Naam soos dit voorkom in die **Hebreeuse Skrife**. Jehova staan ook in die **Staten Bybel** en prof. Murray Janson verduidelik dit in Huisgenoot se Sake van die Hart **[voetnota- 3].**

---

[3] In **1987** antwoord Prof. Murray Janson "Vrae oor die naam '**Jehovah'** in Huisgenoot se "Sake van die Hart":
"Talle persone vra leiding oor die naam "Jehovah". Is dit dalk God se eintlike naam, en waarom word dit "skielik" nie meer gebruik nie, al staan dit tog op ou kerkgeboue se hoekstene?
Die eenvoudige antwoord is dat die geleerdes in ons tyd ontdek het dat die woord "Jehovah" op 'n misverstand berus! God se Hebreeuse naam (in die OT) is Jahweh (Uitgespreek **Jâ-wê**, of nog beter **Jag-wê**), en ons het via Nederlands met "Here" (sic: "HERE" 1933 AOV) vertaal. Sedert die Ballingskap het die Joodse rabbyne egter met die slimmigheid vorendag gekom dat dit sonde is om die naam **Jahweh** uit te spreek. Tot by die Ballingskap het die Jode rustig "Jahwe" gebruik en gelees want dit staan 6823 keer in die OT.
God sê ook nie in die Tien Gebooie dat Sy naam nie uitgespreek mag word nie, maar slegs dat dit nie *misbruik* mag word nie. God wou duidelik hê dat Sy kinders Hom uitdruklik by die naam moes noem, anders het Hy dit sekerlik nie 6823 maal self in die OT laat skryf nie!
Die godsdienstige leiers van die Jode moes dus toe ook 'n plan uitdink met die 6823 gevalle waar daar duidelik "Jahweh" staan, want dalk lees iemand wat daar staan en pleeg volgens hulle sonde. Hulle plan was die volgende: by al die 6823 kere het hulle net onder "Jahwe" die klinkers van Adonai (Dit beteken Heer of Meneer) geskryf, dit wil sê en onder andere **e, o** en **a**. Hulle moes dus by "**Jahweh**" telkens "Adonai" lees.
Latere Bybelvertalers het niks hiervan geweet nie en toe Jahweh se medeklikners met Adonai se klinkers vermeng – en daaruit ontstaan toe die drogwoord "Jehovah". Almal het dit egter as die regte naam aanvaar, omdat daar nie van beter geweet is nie. Daarom staan daar byvoorbeeld ook

iii. **Waar dit Hom behaag** staan in verband met die **Boererepublieke,**

   a. wat **Godgegewe grond** geword het met die Slag van **Majuba** as vervulling van die **Paardekraal gelofte**.
   b. die **Boererepublieke** as **plek** waar dit Hom behaag dat die huis gestig moet word kom ooreen met 'n **besprekingspunt** tydens die Sept. 2024 Volksvergadering te Holfontein:– ***Die belangrikheid van die Paardekraal gelofte*** *vanuit hemelse perspektief* ***ter stigting van die Teokrasie van die Boererepublieke***.

**iv.** Dat Hy **gesmeek** moet word **vir Sy hulp en bystand totdat die huis gestig is** , het **net plaasgevind** vanaf die **9de tot die 15de Des.**1838. Die **oorwinning** is toe behaal maar die **gelofte** was **nog nie vervul** nie, die **huis** was nog **nie gestig** nie. **Tot vandag** is die huis **nog nie gestig nie** en moet ons Hom nog **steeds** daagliks **smeek** vir Sy hulp en bystand **totdat die huis gestig** is. Dit is **belowe** en wat belowe is moet **betaal word** en die **beloning** sal die **Bybelse Teokrasie** wees in die Boererepublieke.

**v. Bekendmaking tot Sy eer**

Die **laaste** klousule van die Ontentieke Gelofte lees as volg: *"om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter* ***Eere*** *van God gevierd mag worden."*

Ek het **hiermee** aan u as **huidige geslag** bekend gemaak, wat tot eer van JaHWeH gevier moet word, nl. **Die stigting van die huis as kern**

"Jehovah" op verskeie van die NG Kerk se ou Kerklike geboue se hoekstene, en het S.J. du Toit sy vertaling van Psalm 23 laat begin met "**Jehowah is my Herder**".
Sedertdien weet ons dat die woord (naam) op 'n misverstand berus en word dit natuurlik nêrens meer gebruik nie."
(Bron: Huisgenoot, Sake van die Hart, Prof. Murray Janson, 19 Februarie 1987)

**van die Outentieke gelofte van Bloedrivier**, want volgens die **besprekingspunt** word die Outentieke gelofte **nie eerbiedig** nie.

**Hoe** kan ons as geloftepligtige volk die **verkeerde gelofte tot eer** van Elohijm vier? Soos wat die slotklousule vereis? *"op dat het ter* ***Eere*** *van God gevierd mag worden."*

Geloftefeesbyeenkomste het dit **tot nou toe nog nie gedoen nie.**

Ek doen 'n **beroep** op elke Geloftefeesbyeenkoms en elke **geloftepligtige** volksgenoot om die **outentieke** Gelofte van Bloedrivier te **eerbiedig** en sodoende die **oorsaak van die strafgerig** uit te skakel.

Daardeur sal u **bydra tot die vervulling** van die outentieke Gelofte van Bloedrivier- *En dezelve bekend maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter* ***Eere*** *van God gevierd mag worden.*

Laat ons die huis stig, want dit is die kern van die outentieke Gelofte van Bloedrivier

Vrede

| |
|---|
| U is welkom om meer besonderhede van ons Geloftes aan te vra by Inligting@boererepublieke.org en Inligting@volksvergadering.co.za. |

## Eindnotas:

---

[i] **Andries Pretorius met lot aangewys**

...door den Hr. J. G. BANTJES, den Klerk des Volks Raads, die gedurende de expeditie als Secretaris van den Hoofd-Kommandant, heeft geageerd :—

Nademaal de Heer ANDREAS WILHS. JACS. PRETORIUS, eenige dagen geleden alhier is aangekomen, met eene party zyner manschappen, ten einde met een kommando, in den kryg tegens *Dingaan*, Opperhoofd der Zoolas op te trekken, om te trachten het, door hem, van onze dood gemartelde mede-reizigers geroofde, terug te halen; ontstond er ten gevolge van dien aankomst, groote blydschap onder het algemeen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door gemelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe ongaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den staat waarin zyne mede-reizers verkeeren, in het lager als in een gevangenis opgesloten zynde, hy die gewigtige taak, gewilliglyk op hem nemen zou, en zyne vermogens zoude inspannen, om te doen, hetgeen onze wezentlyke belangens vorderen. Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzigtig bestier zoude plaats hebben, om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, aan te teekenen.

Zoo was het dan, dat ik my haastte, en zond des anderen daags, zynde den 27sten Nov. 1838, mynen wagen, naar de ... des anderen daags, begaf

**[ii] Erasmus Smit se dagboek**

[1837] 101

Zondag eerstkomende, na de predikatie, van die spreekplaats af te lezen.

*Zaterdag, 2 Dec.* Onze Goeverneur zond heden en de vorige dag 'n brief rond, om alle mensen te nodigen om op Zondag, de 3e Dec., 'n algemene dankdag in 't hoofdleger te vieren.


*Zondag, 3 Dec.* De opkomst tot de Godsdienst was aangenaam: velen kwamen van nabij en van verre aan. De léraar predikte op deze bid- en dankdag over 1 Sam. 7:12;[iii] las daarna 'n herder- en vaderlike brief van de Goeverneur aan de gemeente voor; en voorts werden de namen voorgelezen van 'n Kerkeraad, 2 Ouderlingen en 2 Diakenen, door 't lot verkozen uit 'n tiental: Brs. François Retief en Carel van der Merwe tot Ouderlingen; en Brs. Christiaan Liebenberg en Roelof Dreyer tot Diakenen.

In de namiddag verhandelde de léraar Hand. 20: 26-32, bijwijze van inwijding en bevestigingsrede gepast op de Kerkeraad. De Broeders werden toen, naar 't formulier van onze Nederduitse Gereformeerde Kerk, in de Heilige Dienst bevestigd, door E. Smit, de léraar der gemeente. Voorts werden er 4 kinderen door de Heilige Doop in de Kerk ingewijd.

------------------------------------------------------------------------------------------------------------

---

[iii] **Andries Pretorius se brief aan ds. Van der Lingen**



27

Voor Sneeuw
Den 23 July 1838.

Aan den Weleerwaarde Heer,
G. W. A. van der Lingen,
Aan den Paarl Leeraar.

Waarde Heer, ik hoope dat UEd. nog soovele tyd sullen uydkoopen om dese myne ongerymde dog waare dankbaare letteren te leesen.

WelEerwaarde Heer, hoe verblyd waart ik om van UEd. soo een verkwekkende en so een deelneemende brief te ontvangen waar ik en ontdekke als dat UEd. tog nog sonder vooroordeel belang en UEd. zwerfvende Colonesten steld en wel het wel gelooven dat uwe dierbaare Egtgenoot en andere bloetverwanten UEd. bedug sullen maaken, want hoe verschrekkelyk moet hun den toestand van ons zwervende voorkoomen. Maar soo dese van den Almagtige is, soo het syne wyse wil en welbehaagen is soo sullen wy daar tot een volk worden en ter syner eere leeven. Ik ontvang met de heer J. Boshof en syn geselschap weer een brief uid het Laager

---

[iv] **Paardekraal Gelofte**




[v] **Paul Kruger se 2009 Gelofterede**

**16 DESEMBER 2009 - *Paul Kruger*** Deur die nag van 15 Desember 1838 stroom die barbaarse Groot Wit Olifant se regimente een vir een aan, van regoor Natal, na 'n enkele punt: Na die plek waar 'n diep sloot by die Ngome-rivier aansluit en 64 kakebeenwaens in die vorm van 'n halfmaan aan mekaar vasgeketting staan. In die stikdonkerte kan hulle glad nie gesien word deur die klein klompie burgers wat deur hulle omsingel is nie. Maar hulle kan gehoor word teenaan die laer. Hoe klink 'n oorlogdans deur die mistige duisternis heen - as 15 000 assegaaie met een slag die skildvelle slaan en 15 000 voete die grond met een slag tref? Hoe klink die oorlogskreet uit 15 000 bloeddorstige kele deur die duisternis heen, as jy met 'n wapen sit wat 3 skote per minuut kan vuur maar op daardie oomblik heel moontlik sal weier, omdat die kruit nat geword het weens die mis wat alles omsluit? En die belangrikste vraag van alles: Hoekom trotseer 'n mens dit? Hoekom is jy op daardie oomblik vrywillig daar – omring deur soveel angs en onheil? Hoekom het jy, toe die angs en die onheil op die Oosgrens-plaas te veel geword het om te verduur, nie eerder 'n klerk of 'n ambagsman geword en in 'n huis in Uitenhage of in Swellendam gaan woon nie? Hoekom het jy nie eerder 'n voorman op 'n

wynplaas in die Boland gaan word nie? Hoekom het jy nie eerder na Europa of Amerika of Australië toe geëmigreer nie? Hoekom weerstand en verset, in stede van om rustig saam met die stroom te vloei? Wat maak 'n mens, as daardie stroom op pad is na die rioolplaas van Satan? Vele burgers in die laer daardie nag se voorgeslagte moes daardie vraag bykans 2 000 jaar al beantwoord Want in die Alpe-gebiede van Suid-Europa, het die mense gou reeds ná die Hemelvaart van Christus die blye boodskap aanvaar dat die Messías se Bloed op Gólgota gevloei het sodat ons met die Vader versoen kan raak - en hulle het ook van die begin af gewaak dat die Geloof suiwer gehou word. Reeds in 441 n.C. het hulle in *Orange*, 'n stad in Suid-Frankryk, 'n Sinode gehou waarop weerstand gebied is teen dwalinge wat tóé al die Rooms-Katolieke Kerk binnegesypel het. Teen 600 n.C. het die Pous die sogenaamde "ketters" se geskrifte laat verbrand en die Roomse Kerk het hulle wreed begin vervolg. En eerder as om hulle suiwer Christelike geloof te verloën, het duisende mense die afgeleë bergspitse en valleie van die Alpe ingevlug; en mettertyd bekend geraak as die "Waldense" - die "Mense van die Valleie". Meer as 10 eeue lank is die Waldense deur die Katolieke lewendig verbrand, verwurg, lewendig begrawe. In die Luberon-gebergte is vroue nakend met hulle kindertjies van kranse afgegooi; ledemate is op pynbanke vermink; oë is met warm ysters uit hulle kaste gebrand… maar niks kon die Waldense beweeg om hulle suiwer geloof te verraai nie.
Teen die tyd dat Maarten Luther die Kerkhervorming in 1517 begin het, was die Waldense se stryd teen die Katolieke reeds 'n duisend jaar aan die gang en hierdie weergalose bewakers van die Geloof was toe opgeneem onder die Franse Protestante - die "Hugenote". Terselfdertyd word die prinsdom *Orange* geërf deur "Willem die Swyger" – wat vorstedomme ook in Nederland besit. Willem se titel "Willem van Oranje" verwys na niks in Nederland nie – dit verwys na sy Suid-Franse prinsdom *Orange*, en so ook stam die oranje baan bo-aan Willem se vlag uit *Orange*. En onder daardie Oranje-Blanje-Blou, seil 3 Nederlandse skepe Tafelbaai in 1652 binne. Drie eeue later kom Daniël Francois Malan, 'n afstammeling van die Waldense, in 1948 in Suid-Afrika aan bewind onder die Oranje-Blanje-Blou.
Dieselfde D.F. Malan wat vandag presies 60 jaar gelede die Voortrekkermonument in Pretoria op 16 Desember 1949 geopen met een van sy opsienbarendste toesprake ooit: Afrikaner – *quo vadis*? Waar gaan jy heen? As Malan daardie vraag 60 jaar gelede kon vra toe ons op die vooraand was van die grootste magsopbou wat ons ooit geken het – wat moet ons vandag sê? Noudat ons saam met Jeremia kan weeklaag dat ons erfdeel na vreemdes oorgegaan het, ons water drink ons vir geld, ons hout kom teen betaling in, ons is afgemat sonder dat daar aan ons rus gegun word, niemand ruk ons weg uit die hand van die knegte wat oor ons heers nie, met lewensgevaar bring ons ons brood in, ons vroue word onteer?
'n Paar dae gelede in Pretoria is daar weer 'n vrou in die fleur van haar lewe verkrag deur 'n barbaar wat daarop aangedring het dat sy hom "meneer" moet noem tydens die walglike tragedie. Dan is daar sogenaamde Christen-geestelikes wat, net soos in Jeremia se dae, die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier genees deur te sê "vrede, vrede!" terwyl daar geen vrede is nie! Terwyl dit selfs vir die dwaasste mens duidelik moet wees dat daar geen versoening is nie, al noem hulle 16 Desember die sogenaamde versoeningsdag! Hulle kan daaroor lieg soveel hulle wil - al word 'n leuen miljoen kere herhaal bly dit steeds 'n leuen.
Malan het gevra: Waar gaan jy heen? Ek wil u vandag uitnooi: Kom huis-toe. Kom, Boere-Afrikaner volk, huis-toe. Watter huis? Waar is daardie huis, sal u vra? Ja, inderdaad. Waar is "huis" vir ons? Ons het nie 'n huis nie, want van die "huis" wat ons sewe maal tussen die 9de en die 15de Desember 1838 aan God belowe het, is daar weinig tekens. Tussen die 9de en die 15de Desember 1838 het ons volk 'n aanbod van kontrak aan die Almagtige God van Hemel en Aarde gemaak. Ons het nie bloot 'n Gelofte afgelê nie – ons het met God gekontrakteer: Ons wou van God 'n sekere prestasie gehad het en in ruil daarvoor, sou ons iets anders presteer. Wat wou ons van Hom hê? Eenvoudig – Hy moes ons teen alle redelike verwagting in die uitredding en oorwinning skenk. Dit is ook presies wat Hy gedoen het.

Wat presies het ons in ruil daarvoor aan Hom getender? Dis hier waar die kleitrappery begin. Kom ons kyk na die bewoording van die Gelofte-weergawes want daar's nie een nie maar drie weergawes: Die bekende bewoording wat steun op die weergawe van **Charl Celliers** wat destyds voorgegaan het met die aflegging van die Gelofte. Dan is daar die weergawe van **Andries Pretorius** wat die grootste inspirasie agter die oorspronklike idee skyn te wees. En dan is daar die weergawe van **Jan Gerritze Bantjes** wat as Pretorius se Sekretaris die Bloedrivier-ekspedisie meegemaak het en die amptelike relaas daarvan opgestel het wat ook later deur die Volksraad van Natalia goedgekeur is.
(Soos aangehaal in "Lewe van Andries Pretorius" - Dr. Gustav S. Preller, 1937, bl. 36-37) Celliers: " ,, als Hij met zijne beskerming met ons zal wezen, en onze vijand in onze handen zal geven, dat wij hem overwinnen, wij die dag en datum elk jaar als 'n verjaardag en 'n dankdag, zoals 'n Sabbat in Zijne eer zullen doorbrengen; en dat wij het ook aan onze kinderen zullen zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten."
Jan Gerritze Bantjes: " - om zo de Heere ons de overwinning geven mag, 'n Huis tot Zijn grote naams gedachtenis te stichten, alwaar het hem zal behagen; en dat zij ook moesten afsmeken de hulp en bijstand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen; en dat wij de dag der overwinning in 'n boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken aan onze laaste nageslachten, opdat 't ter ere van God gevierd mag worden."

Andries Pretorius: "......Verder wens ik Ued. ook ter kennisse te brengen, dat wij alhier onder elkanderen besloten hebben om de dag onzer overwinning, zijnde Zondag, de 16e dezer maand December, onder ons ganse geslacht te doen bekend worden, en dat wij het aan de Heer willen toewijden en vieren met dankzeggingen, zoals wij voordat wij tegen de vijand streden, in 't openbaar gebed beloofd hebben; zo ook dat, zo wij de overwinning verkrijgen mogen, wij den Heere tot Zijns naams gedachtenis 'n huis stichten zullen, alwaar Hij ons zulks aanwijzen zal; welke geloften wij nu ook hopen te betalen met de hulp des Heeren; nu Hij ons gezegend en onze gebeden verhoord heeft."
Uit hierdie weergawes kan ons die volgende twee punte saamvat: Eerstens - Ons het belowe dat ons die dag en datum van die oorwinning aan die Here sal toewy en daardie dag deur die volgende geslagte ter ere van God gevier sal word; Tweedens - Dat ons vir God 'n huis sal stig tot gedagtenis aan Sy groot Naam – nie op enige plek na ons goeddunke nie; maar waar Hy ons sal aanwys om dit te doen. Die algemene interpretasie is nou dat ons 16 Desember soos 'n sabbat moet vier en dat die tweede deel van ons onderneming nagekom is toe die Geloftekerkie in Pietermaritzburg gebou is.
Die vraag waarby ons vandag stilstaan is die volgende: Het ons ons deel van die kontrak met God nagekom deur die bou van die "Geloftekerk" in Pietermaritzburg – of waar (of eerder dalk: wat) is die Huis wat ons aan God belowe het?
(Aanhaling uit: " 'n Volk se hulde" - gepubliseerde Meestersgraad-verhandeling deur O.J.O. Ferreira, Perskor-uitgewery, 1975, bl. 226-229) "..'n Argivale ondersoek van ds. C.W.I. Pistorius het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie. Hy het dus gehoop dat 'n nuwe Geloftekerk wat sy gemeente van voorneme was om te bou, as kleiner Voortrekkermonument beskou sou word.

Op 'n vergadering van die S.V.K. (Sentrale Volksmonumente Komitee – skrywer) in Kaapstad op 20 Januarie 1947 is melding gemaak van die opspraakwekkende bevindinge in verband met die geskiedenis van die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg. Mnr. C.M. Booysen het naamlik verwys na die argivale ondersoek deur ds. C.W.I. Pistorius wat aan die lig gebring het dat die Voortrekkerkerkie in Pietermaritzburg nooit as die werklike Geloftekerk bedoel en beskou is nie.
Die S.V.K. het gevoel dat hier 'n uiters belangrike saak aangeroer word wat met groot versigtigheid en kalme raad behandel moes word, en daarom het die S.V.K. dit raadsaam geag om eers nader ondersoek te laat instel. Die S.V.K. het dus besluit om dit aan proff. H.B. Thom en S.P. Engelbrecht op te dra om op koste van die S.V.K. ondersoek te gaan instel na die geskiedkundige juistheid van ds.

Pistorius se bevindinge en hulle te versoek om 'n verslag van hulle ondersoek binne die verloop van 'n jaar by die S.V.K. in te dien. *[Gesk. Vd sentrale volksmonumentekomitee Hf.5 bl.299* ***my byvoeging]***
Die standpunt van ds. Pistorius, dr. A.J. Du Plessis en die Kerkraad van die Voortrekkergemeente in Pietermaritzburg was dat die Voortrekkerkerkie (of -museum) deur die Voortrekkers destyds nie as hulle eintlike Geloftekerk gebou is nie, maar dat hulle dit as tydelike geboutjie bedoel het wat later, wanneer die nodige fondse beskikbaar sou wees om die werklike Geloftekerk op te rig, in 'n pastorie omskep moes word. Vanweë die Engelse anneksasie en die gevolglike vertrek van die meerderheid van die Voortrekkers uit Natal, het hierdie plan egter nooit werklikheid geword nie en is die eintlike Geloftekerk ook nooit gebou nie. Die Kerkraad het gepoog om 'n sekere stuk grond in Pietermaritzburg, Langmarkstraat 33, wat die Volksraad oorspronklik vir die ware Geloftekerk opsy gesit het, terug te kry ten einde die gebou dan daarop te bou. Hierdie standpunt het ds. Pistorius en dr. Du Plessis met aanvoering van historiese getuienisse gesteun.
Hierdie mening is egter deur verskeie persone bestry wat verklaar het dat die Gelofte reeds na behore nagekom is; dat die huidige Voortrekkermuseum in werklikheid geen tydelike kerkgebou was nie; dat die Voortrekkers dit wel as hulle Geloftekerk beskou het en dat dit ook vandag nog so beskou moet word.
Prof. Thom het tot die volgende gevolgtrekking gekom: “Alles in aanmerking geneem, moet ons dus tot die gevolgtrekking kom dat die ou kerkie, die huidige Voortrekkermuseum, die ware Geloftekerk van die Voortrekkers was; dat hulle dit so beskou het en dat ons dit vandag ook nog in die lig moet sien.” Prof. Engelbrecht het sy verslag met hierdie woorde afgesluit: “My vaste oortuiging is dat die Voortrekkers die Gelofte uitgevoer het en die Geloftekerk gebou het, sodat daar dus geen blaam of klad op hul nagedagtenis rus nie.”
Erf nommer 33 is deur die Voortrekker-Volksraad vir die Kerkraad opsy gesit om later daar 'n kerkgebou op te rig. Deur ongelukkige versuim is dit egter nooit op naam van die Kerkraad getransporteer nie, en toe dit by die Briste besetting van 1842, volgens vereiste, nie 'n voorafgaande jaar bewoon was nie, is dit verbeurd verklaar.

Ek vra u vandag, liewe Volksgenoot: as die Huis van die Gelofte wel die Geloftekerkie in Pietermaritzburg is, hoe verklaar ons die volgende notules van die Volksraad van Natal? (soos gepubliseer in “Voortrekker Wetgewing”: Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845, J.L. Van Schaik Bpk., Pretoria, 1924) 29 September 1840: “ - Door de Commissaarissen gevraagd aan den Raad om van het kerke fonds onder hunne toeversigt in leen te hebben om de begonne pastorie er mede te voltooijen, dat voor het eerst tot een Godsdienstig gestig zal gebruikt worden het welk door den Raad is toegestaan; de Commissarissen die gevraagd hebben zyn de heeren A.W.J Pretorius, J.J. Burger, H.P.N. Pretorius en Sarel A. de Cilliers.”.... 7 Januarie 1842: “Besloten dat het huis alwaar tans de publieke godsdienst ingehouden word met het erf No. 34, Lange Mark Straat, alhier in eigendom is afgestaan aan de Kerk en is verder besloten dat intekenings gelde dat reeds is ingekomen tot opbouwing van een nieuwe kerk, zal in handen gesteld worden van den Kerkeraad oor de commissarissen als by vorige gelegendheid daar toe door den Raad aangesteld tot verdere voltooiing van dat gebouw alsmede de lysten van intekeningen om verder uitstaande gelden te kunnen invorderen, tot gebruik aan dat gebouw, waar onder het gebouw en erf zal verbonden blijven wanneer dat geld in vervolg mag worden opgeischt.” 8 Januarie 1842: “Gelezen een rekwest, gedateer 23 Decembr. 1.1. ondertekend door W.J. Pretorius en nog 71 andere burgers, versoekende om de daar in aangehaalde reden, dat geen publiek grond aan dit dorp toebehorende, zo verre als de dorpslynen weivelden etc. zich uitstrekken, meer zal worden vergund aan eenig persoon, nog verkogt verhuurd of op enige andere wijze over gedisponeerd, maar zal worden geschonken en afgestaan in een erfgrondbrief, als het wettig eigendom van de landeigenaren binnen gemelde grond woonagtig of land bezittende, en zulks voor hun gezamentlyk gebruik en voor algemeen en publieke einde. Is besloten het gem. Versoek toetestaan, met uitzondering van de Gouvernements erven No.17 en in Pieter Mauritzstraat, benevens alle de andere in de reeds geformeerde plan van dit dorp afgemerkte

erven, straten, waarover het Gouvernement exclusievelyk zal mogen disponeren eksept die erven tans het plein uitmakende, zynde van No.26 tot 35 Lange Markstraat, die mede zullen begrepen zyn in de gemelde erfgrondbrief; en verder onder voorwaarde, dat wanneer eenig gedeelte van dat vergund grond tot publieke einde zal benodigd zyn, of wanneer het gemeen belang zal vorderen dat eenig gedeelte daar van zal worden verkogt verhuurd vergund of op eenig andere wijze gedisponeerd zulks zal moeten geschieden met toestemming van twee derde deel der landeigenaren als voormeld in eene publieke byeenkomst door hun te worden gehouden.

Gevolgtrekking: Eerstens: Die geboutjie wat later as die "Geloftekerk" bekend geraak het, was deur die Natalse Volksraad self 'n "begonne pastorie" genoem en 'n plek wat "vireers tot 'n Godsdienstige gestig" gebruik sou word. (Dat daar hoegenaamd so 'n plek sou moes wees - Gelofte of nie - is duidelik: die mense sou iewers tog kerk-byeenkomste moes bywoon). Tweedens: Nêrens verwys die Natalse Volksraad na daardie gebou of enige ander beplande een as die Huis van die Gelofte nie. Derdens: Terwyl sommige navorsers, soos aangehaal hierbo, wel toegee dat die "Geloftekerk" nie die beloofde Huis is nie maar dat laasgenoemde kwansuis later op Erf 33, Lange Markstraat opgerig sou word, is dit duidelik dat Erf 33 (as deel van Erf 26-35) nooit deur die Volksraad van Natal beplan was as die plek waar 'n uiteindelike Geloftekerk tot stand sou kom nie want op 8 Januarie 1842, 4 jaar na die Gelofte, verklaar die Volksraad dit tot deel van grond wat bloot vir algemene publieke doeleindes opsy gesit word.
Daarbenewens: Andries Pretorius is 16 jaar na Bloedrivier eers oorlede en Celliers nog later; en nêrens verwys enigeen van hulle na die "Geloftekerkie" in Pietermaritzburg as die Huis van die Gelofte nie. Ek vra weer: Waar is die Huis wat ons as tweede verpligting - naas die hou van 'n feesdag - per kontrak aan die God van Hemel en Aarde getender het? Was die deelnemers aan die Slag werklik so skokkend troueloos deur uiteindelik nooit daarby uit te gekom het om 'n fisiese "huis" te bou nie – of was die bedoeling dalk nooit om 'n fisiese gebou te bou nie maar dat ons 'n volkshuishouding vir God sou wees? Handelinge 7: "Maar die Allerhoogste woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: Die Hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Watter soort huis sal julle vir my bou, sê die Here, of hoedanig die plek van my rus?" Die bakstene van die Huis van die Verbond van Bloedrivier moet in ons harte wees, en die vertrekke van daardie Huis moet ons gesinne wees - sodat ons volk die gebou kan wees. Sodat nie net onsself nie maar ook ons volk gebou is op die fondament van die apostels en profete, terwyl ons Messias self die Hoeksteen van ons volkswese is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie ons saam opgebou word tot 'n woning van God in die Heilige Gees. In só 'n Huis, sal Hy by ons woning maak. Sement, steen en sand wat uit die grond uit kom is stom en dit kan ons tweede Verbondsverpligting teenoor die God van Bloedrivier nooit in der ewigheid nakom nie.
Daarom: laat ons Verbondshuis gebou word uit vertrekke wat deur ons gesinne gevorm word in die huise waarna ons vandag gaan terugkeer as ons hiervandaan weggaan. Die huise waarin u die vaders en moeders of kinders is. Hoe is dit in DAARDIE huise gesteld? Pa – is jy nog die leraar, priester en koning in jou huis, en poog jy elke dag om daardie ampte en verantwoordelikhede waardig te wees – of gaan dit in die eerste plek vir jou eerder oor die welvaart en genietinge en die gemaksug (of die kwellinge) van die wêreld? Ma – is jy in alles nog jou man se trots en sieraad maar ook die hulp wat pas by die hoof van jou huis, soos jy veronderstel is om geskape te wees – of is jy te vas gewikkel in 'n magspel met jou man om te kyk hoe ver jy hom kan manipuleer deur te doen en te laat staan wat jou pas? Kinders – is julle ouers se woord nog wet in die huis – of kyk julle hoe ver julle die grenslyne kan skuif om te kan doen wat ander kinders doen sodat julle saam met hulle kan wegsink in die afval van die wêreld? As dit so is – weet dat julle onder andere, ook nooit die Verbond van Bloedrivier kan nakom nie, die Huis van die Verbond nie bou nie – en as volk kontrakbreuk pleeg teenoor die Almagtige. Sal Hy ons in so 'n toestand herstel uit die klaagliedere wat ons sing?
Laat die wat nog nie begin het nie, vandag nog begin om ons huise in orde te kry. En dan mag ons die vrymoedigheid hê om by die God van Bloedrivier uitkoms te soek vir die feit dat ons vryheid daarmee

heen is. Nie in die eerste plek oor misdaad of die landadministrasie wat aan flarde is nie – ja dit ook. Nie in die eerste plek oor sportkwota's nie. Nie in die eerste plek oor ons geldelike armoede of werkgeleentheidberowing nie. MAAR VERAL OMDAT ONS IN 'N LAND MOET WOON WAARIN ONS GOD SE NAAM GELASTER WORD EN SY GEBOD SO GRUWELIK VERBREEK WORD. Of wie is die "Nkosi" in Nkosi sikelel' Afrika? Gaan vra die ANC of dit die God van Bloedrivier is. Die ANC met sy wette wat moord op ongebore babas toelaat en dobbelary en Sabbatsonheiliging en hoerery en 'n duisternis ander Goddeloosheid. Die god van die sogenaamde "demokratiese Suid-Afrika" is alles behalwe die God van Bloedrivier. Hulle (af)god is die "nuwe" wêreldorde, en daardie "orde" staan vir alles wat wanordelik is – gemeet aan die Wette van die enigste God. In daardie "Orde" van die huidige Suid-Afrika en die res van die wêreld, word dit wat God saamgevoeg het geskei - en alles wat Hy geskei het word vermeng.
Is ons as Verbondsvolk nie veronderstel om onsself aan daardie "orde" van die nuwe (af)god te probeer ontworstel, om ons God te kan dien in 'n land waarin Sy Wette weer die oppergesag is nie? Hoe lank sal ons, verlore seuns, tevrede bly met die varkpeule van die huidige Suid-Afrika sonder om na die Huis van ons Vader terug te keer – sodat ons weer 'n huis tot eer van Sy Naam kan wees? Mag ons aanhoudend op ons louere sit met die flou en gerieflike verskonings dat alles so sal bly omdat ons nie kan saamstaan nie en "die volk" nie verootmoedig het nie? Bestaan "die volk" nie uit u en ek nie? En moet u en ek ons nie daagliks verootmoedig vir alles waarin ons aanhoudend van God se maatstaf afwyk weens ons gevalle sondige natuur nie? Laat ons die volgende doen om terug te keer na die Huis van ons Vader, om vir Hom die huis te wees wat ons op 16 Desember 1838 beloof het: 1.Laat ons elkeen op ons eie seker maak dat daar geen beletsels in ons indiwiduele lewens oorbly wat ons vrymoedigheid om Hom vir ons volk se uitkoms te vra, belemmer nie.

2.Laat ons onthou om Hom altyd meer gehoorsaam te wees as enige ander gesag. 3.Laat ons die lewenskrag wat Hy ons geskenk het volgens die gesonde verstand en die gewete GEBRUIK OM TE WERK tot herstel van ons vryheid in 'n eie staat waarin Sy Woord weer Wet is en ons Hom in vrede en voorspoed kan dien. Bloedrivier het nie uit die lug geval nie – Bloedrivier was die uiteinde van 'n reeks Volksraadsbesluite. Van oudsher af was die sentrale meganisme van ons besluitneming oor ons eie toekoms 'n Volksraad gewees wat demokraties en sonder politieke partye deur die volk verkies is. So 'n liggaam bestaan meer as 'n eeu reeds nie meer nie – en solank dit die geval is, sal ons noodwendig rondmaal soos 'n klomp skape sonder om te weet waarheen en onder die illusie dat ons nie kan saamwerk nie. Laat ons daarom die inisiatief wat reeds geloods is om so 'n Volksraad gekies te kry, so spoedig moontlik deurvoer. En laat ons eindelik die huis oprig wat ons belowe het. Ons mag nie verder versuim nie. Ek dank u.
-----------------------------------------------------------------------

### [vi] Geskiedkundige oorsig oor die gebruik van die Heilige Naam van die HERE, die Almagtige God, die Skepper van hemel en aarde.

Daar bestaan hedendaags groot verwarring oor die Heilige Naam van ons hemelse Vader en Sy Seun, en verdagmakery kom algemeen voor. Mense wat ons hemelse Vader en Seun se Name volgens Hebreeuse uitspraak gebruik, word getipeer as Israelvisie en daar word minagtend op hulle neergesien vanuit Gereformeerde kringe. Hiermee 'n geskiedkundige oorsig in dié verband sodat die huidige praktyk van liefdeloosheid beëindig kan word en geloofsgenote mekaar kan vind.
By 'n menigte gelowiges tref ons in die geskiedenis die gebruik van die Heilige Name van die HERE God aan: By die Israeliete vanaf Moses se tyd; die Hervormers o.a. Johannes Calvyn; die Bybelvertalers van voor 1583 tot 2013; Hebreeuse Taalkundiges; Calviniste; Puriteine; die Voortrekkers (Andries Pretorius, Sarel Cilliers) en Christene:

1. Ongeveer **1446v.C**. het **die HERE** sy gedenknaam aan Moses geopenbaar:
**Eksodus 3:13-15**
“Hierop het Moses tot God gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: **Hoe is sy naam**? —wat moet ek hulle antwoord? En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die **HERE,** die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my **gedenknaam** van geslag tot geslag.”
**HERE** (Strong’s H3068: Jehovah)
Tetragramaton: JHWH / יהוה

In die Bybel met verklarende aantekeninge word Ex.3:15 soos volg verklaar: Ex.3:15 soos volg verklaar: Teks, vers (14) En God sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur. (15) Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die HERE, die God van julle vaders..........., het my na julle gestuur. Dit is My Naam vir ewig, en dit is My gedenknaam van geslag tot geslag.
VERKLARING: vers 14 : EK IS WAT EK IS: Die Here spreek in enigsins raaiselagtige taal waarin tog 'n rykdom van gedagtes vervat is. Die God wat Moses stuur, kan van Homself sê: EK IS. Dit moet nie so verstaan word dat die Here 'n koue, abstrakte "syn" is nie, maar die God van die beweging, die aksie, die God wat altyd, "daarby is", die God wat dus ook die nood van sy volk aanskou en daadwerklik sal help. Aan sy dade sal die volk weet wie die God is met wie hulle te doen het. Hy is anders as die heidense afgode. As God sê EK IS WAT EK IS, dan verklaar Hy ook dat Hy nie verander nie, dat Hy altyd dieselfde bly, onwrikbaar in Sy trou. Vers 15: HERE: In Hebreeus staan slegs die vier medeklinkers JHWH vas en dit het ooreenkoms met wat as EK IS vertaal is in v 14. Die uitspraak is Jahweh en nie Jehowa nie. In Afrikaans word dit vertaal as HERE, wat onderskei moet word van Here of Heer.


In dieselfde Bybel - Bybel in Praktyk – verklaring van **Ex.6:1-2**: “Ons kan hierdie verse soos volg vertaal: “**Ek is Jahwe**. Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God, die Almagtige (**El Sjaddai**), maar met my Naam **Jahwe** het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie.”

2. Ongeveer **1446v.C.** stel **die HERE** vir ons die Goddelike grenslyne vas vir die gebruik van die Helige Naam van God in die 10 gebooie. Ons word nie verbied om die HERE God se Naam te gebruik nie, maar slegs die ydelike gebruik daarvan:
**Eks 20:7**
“**Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie**, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.”

3. Ongeveer **30-35n.C.** het ons Saligmaker en Verlosser; Jahshua die Messias (Jesus Christus) ons geleer bid.
**Luk 11:2**
“En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê: **Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word”.**
Christus erken so die Naam van God die Vader, en dui die belangrikheid van die heilige gebruik aan.

4. Teen **1540** het **Johannes Calvyn** (1509-1564), Teoloog en Regsgeleerde, 'n groot invloed gehad op die Protestantse Reformasie. Calvyn behandel onder andere die Bybelboeke: Jona, Miga en Nahum. In sy 74ste lesing lewer hy kommentaar op Jona 1:7, waar Jona met die lot as skuldige uitgewys word deur die HERE. Calvyn identifiseer by naam hierdie "**HERE**" as "**Jehovah**". Calvyn bespreek die Christelike voorwaardes rondom die gebruik van die lot:
Some have been too superstitious in condemning lots; for they have plainly said that lots are wicked. Hence has come the name, lot-drawers; and they have thought that lot-drawers differ nothing from magicians and enchanters. This has proceeded from ignorance, for we know that the casting of lots has been sometimes allowed. And Solomon certainly speaks, as of a common rule, when he says of lots being cast into the bossom, and of the issue being from **Jehovah** (Proverbs 16:33.) And when Matthias was chosen in the place of Judas, it was done by lot, (Acts 1:26). Did the Apostles use this mode presumptuously? No, the Holy Spirit presided over the election. There is then no doubt that God approved of that casting of lots. (Bron: Commentaries on Zecharia and Malachi, John Calvin, ISBN 9783849620530, Soos vertaal deur J.O. Thrussington in 1847) www.jazzybee-verlag.de

5. Die **1583** Nederlandse Deuxaes Bijbel verwys na **Jehoua** in Psalm 83:19 die kantaantekeninge:
**Ps.83:19**
"sodat hulle kan weet dat U, wie se Naam **HERE** is, alleen die Allerhoogste is oor die hele aarde."


17 Macct haer aengesichte vol schanden/ dat sy na uwen name vraghen moeten.
18 Schamen moetē sy hen ende verschricken/altoos meer ende meer/eñ tot schanden worden / ende omcomen.
19 So sullen sy bekennen/ dat ghy met uwen name heetet/ h* Heere alleene/ ende de hoochste in aller werelt.
h* And. Jehoua


¶ Den lxxxiiij. Psalm.
1. Tweerley veruatet desen Psalm: vooraen danct hy Godt/ voor zijn woordt/ tempel ende dienst/ 5. ende vertelt wat het voor een genade zy/ sulcx te hebben. 10. Daerna biddet hy/ dat Godt dese behouden wille.
1 Eenen Psalm der kinderen Korah/a* op der Gitthith / voor te singhen.
a* And. voor de wijnperste.

(Bron: http://www.biblianeerlandica.be/php/stdpagina)

6. Die **1611** King James Bybel gebruik die Helige Name op 'n paar plekke, o.a.:
• **Ex.6:3**
"And I appeared vnto Abraham, vnto Isaac, and vnto Iacob, by the Name of God Almighty, but by my name **IEHOVAH** was I not knowen to them."
○ [Sien ook Ps.83:18 en Jes.12:2]
• **Ps.68:4**
"Sing vnto God, sing praises to his Name: extoll him that rideth vpon the heauens, by his Name **Iah**, and reioyce before him."

7. Die **1637** Nederlandse State Bybel identifiseer die SKEPPER van hemel en aarde as **“Jehovah”** in die voetnota onderaan die bladsy van Genesis 2 vers 4. Daar word duidelik gemaak dat orals waar “HEERE” staan word na **“Jehovah”** verwys.
**Gén 2:4**
“Dit zijn de geboorten des hemels en der aarde, als zij geschapen werden; ten dage als de HEERE God de aarde en den hemel maakte.”

8. In **1839,** op 13 Junie, skryf C.J. Brand, redakteur van *De Zuid-Afrikaan* in Kaapstad, aan Andries Pretorius oor die grootsheid van die slag van Bloedrivier waar die Voortrekkers geveg het. In die brief skryf hy dat die Afrikaansche Boere moet voortgaan om onder die Naam van “**Johovah**” die stryd te voer, want Hy sal die stryd voer namens die manskappe, en die vyande verniel.


**R.39/39.**

Kaapstad
den 13 Juny 1839.

Heer en Vriend!

Met byzonder groot genoegen heb ik het Journaal gelezen, door den heer Bantjes gehouden, ten tyde van uwe groote commando tegen den bloedhond Dingaan. De manmoedigheid en dapperheid van u, en uwe manschappen, is by die gelegenheid uitgeblonken, en de wereld zal met achting en eerbied den naam van *Afrikaansche Boer* horen uitspreken. Terwyl gy met uwen vasten hand, en de stevige vuisten uwer medeburgers tegen den vyand ten stryde toog, hebt gy u aan den magtigen God vast gehouden, en ulieden vertrouwen is rykelyk met den zegen des Allerhoogsten bekroond geworden. Voort aldus voort, myn vriend met onder de vamen (sic) van Johovah te stryden, en Hy zal in uwe gelederen voor u stryden, en met het zwaart der wraak uwer vyanden vernielen. Maar, wat

(Bron: Voortrekker Argiefstukke, Dr. H.S. Pretorius, D.W. Kruge, M.A., bl.82, Staatsdrukker Pretoria, 1937)

9. In **1839**, op 8 Augustus, by die Rietrivier, skryf Sarel Cilliers van sy dogter wat siek geword het en dat hy homself aan **Jehovas God** oorgegee het: “..toen is antje siek geworden in is nog siek nu heef ik mijn aan de geleidjing van den **Jehovas God** over gegeven hij doe nu mit mij soo als het hem behaagd..” (Bron: Sarel Cilliers, die Vader van Dingaansdag, GBA Gerdener, Binedell Uitgewers, Aanhangsel II, Briewe en Stukke, p.107)

10. Die **1922** Proefuitgawe van die Bybelvertaling van Ds. du Toit (Totius) en Dr. B.B. Keet word in die Psalm 23 vertaling geskryf: “**Jehova** is my herder.” Die bybelvertaling het gevolg op ‘n voorstel van die 1916 sinode van die NG Kerk Vrystaat, waarin besluit is om ‘n kommissie te benoem om in samewerking met die Geref. Kerk en die Hervormde Kerk die Bybel te vertaal. (Bron: Die Proefuitgawe van die eerste Afrikaanse uitgawe van die Bybel bestaande uit die Vier Evangelië en die Psalms. Du Toit en Keet, 1922)

11. Die **1933/53** Afrikaanse Bybel bevat 26 verse waarin die woord “**Halleluja**” voorkom in Psalms en Openbaring. “Hallelu - ja” (HalalH1984 - YahhH3050) beteken **LOOF EN PRYS JHWH**. Ook bevat die Bybel die Hebreeuse Alfabet in Ps.25, 34, 37, 111, 112, 119 en 145, Spreuke 31, Klaagliedere 1,2,3 en 4.

12. Die **1983** Afrikaanse Bybel bevat **GEEN** verse waarin die woord "Halleluja" voorkom. Die Hebreeuse Alfabet is algeheel verwyder uit Ps.25, 34, 37, 111, 112, 119 en 145, Spreuke 31, Klaagliedere 1,2,3 en 4.

13. Vanaf **1890** is James Strong se Bybel Konkordansie 'n hulpmiddel vir predikante, pastore, priesters en gelowiges om die Hebreeuse en Griekse betekenis van Bybelwoorde duidelik verstaanbaar te maak. Onder andere verskyn die name van die profete en ander gelowiges wat die Heilige Naam van die HERE insluit bv. Nehemia, Elia, Jesaja, Jeremia, Obadja, ens.

**H3470,** יְשַׁעְיָה יְשַׁעְיָהוּ , yᵉshaʽyâh yᵉshaʽyâhû, *yesh-ah-yaw', yesh-ah-yaw'-ho,* From H3467 and H3050; ***Jah has saved; Jeshajah***,

14. In **1987** antwoord Prof. Murray Janson "Vrae oor die naam '**Jehovah'** in Huisgenoot se "Sake van die Hart":
"Talle persone vra leiding oor die naam "Jehovah". Is dit dalk God se eintlike naam, en waarom word dit "skielik" nie meer gebruik nie, al staan dit tog op ou kerkgeboue se hoekstene?
Die eenvoudige antwoord is dat die geleerdes in ons tyd ontdek het dat die woord "Jehovah" op 'n misverstand berus! God se Hebreeuse naam (in die OT) is Jahweh (Uitgespreek **Jâ-wê**, of nog beter **Jag-wê**), en ons het via Nederlands met "Here" (sic: "HERE" 1933 AOV) vertaal. Sedert die Ballingskap het die Joodse rabbyne egter met die slimmigheid vorendag gekom dat dit sonde is om die naam **Jahweh** uit te spreek. Tot by die Ballingskap het die Jode rustig "Jahwe" gebruik en gelees want dit staan 6823 keer in die OT.
God sê ook nie in die Tien Gebooie dat Sy naam nie uitgespreek mag word nie, maar slegs dat dit nie *misbruik* mag word nie. God wou duidelik hê dat Sy kinders Hom uitdruklik by die naam moes noem, anders het Hy dit sekerlik nie 6823 maal self in die OT laat skryf nie!
Die godsdienstige leiers van die Jode moes dus toe ook 'n plan uitdink met die 6823 gevalle waar daar duidelik "Jahweh" staan, want dalk lees iemand wat daar staan en pleeg volgens hulle sonde. Hulle plan was die volgende: by al die 6823 kere het hulle net onder "Jahwe" die klinkers van Adonai (Dit beteken Heer of Meneer) geskryf, dit wil sê en onder andere **e, o** en **a**. Hulle moes dus by "**Jahweh**" telkens "Adonai" lees.
Latere Bybelvertalers het niks hiervan geweet nie en toe Jahweh se medeklikners met Adonai se klinkers vermeng – en daaruit ontstaan toe die drogwoord "Jehovah". Almal het dit egter as die regte naam aanvaar, omdat daar nie van beter geweet is nie. Daarom staan daar byvoorbeeld ook "Jehovah" op verskeie van die NG Kerk se ou Kerklike geboue se hoekstene, en het S.J. du Toit sy vertaling van Psalm 23 laat begin met "**Jehowah is my Herder**".
Sedertdien weet ons dat die woord (naam) op 'n misverstand berus en word dit natuurlik nêrens meer gebruik nie."
(Bron: Huisgenoot, Sake van die Hart, Prof. Murray Janson, 19 Februarie 1987)
15. Die **1993** Nuwe Vertaling van die Bybel onder redaksie van Prof. W. Vosloo en Prof. F. van Rensburg beskryf in die voetnotas die bekendmaking van die Naam van die HERE. Die naam **"Jahwe"** is bekendgemaak toe Moses na die Naam van God vra. Hier is die eerste keer wat die eienaam "Jahwe" bekendgemaak was. (Bron: Bybel in Praktyk, 1993, Eks. 3, Eks. 6, p.98,99,102,103)

16. Die **1995** Almanak en Bybelse dagboek van die Hervormde Kerk verduidelik die oorsprong van die naam "**Jesus**". "Die benaming, Jesus, is die Griekse weergawe

van die bekende Hebreeuse naam **Jeshua, Joshua, Jehoshua** wat beteken: **Jahwe is heil, redding en verlossing**." (Bron: NHK Bybelse dagboek, 17 Maart 1995, p.56)

**17.** Die **2007** Nuwe Afrikaanse Vertaling Bybel onder redaksie van Prof. W. Vosloo, Prof. P. Venter, Prof. F. Snyman, Prof. W. Wessels, Ds. M. Nel, Prof. A du Toit, Prof. J. du Rand, Prof. F. Janse van Rensburg, Prof. W. Vergeer, met adviespaneel Dr. Alan Boesak, Prof. W. Boshoff, Prof. E. Botha, Prof. P. Botha, Ds. E. Bϋchner, Dr. I. Burger, Dr. C. Cilliers, Prof. D. Cloete, Dr. K. de Wet, M. Maartens, Dr. L. Maré, Ds. E. Meyer, E. Mouton, Prof. H. Ohlhoff, Prof. F. Tolmie, H. van Zyl, **erken die bestaan en gebruik van die Naam van die Almagtige God as, Jahweh.**

Die vertaalfilosofie en metodologie rondom die vertaling van Godsname word soos volg beskryf: "Die weergee van die Godsname in Afrikaans gee dikwels probleme. Die Godsname in die Ou Testament is meestal vertaal as *God, die Here, die Here God, God die Allerhoogste*, ens. Wanneer die Hebreeuse benaming **JHWH gebruik word, is dit vertaal as HERE**." (Bron: Nuwe Afrikaanse Vertaling Bybel, 2007, ISBN 978-1-77000-523-5.)

**18. Gevolgtrekking.**

Hieruit is dit duidelik dat Die Skepper van hemel en aarde, wat ons as God Almagtig, die HERE en Sy Seun Jesus leer ken het, in der waarheid Homself as JaHWeH [JHWH] bekend gestel het, en deur die Engel beveel het dat Sy Seun JaHShua [JHHWSA] moes heet. Jammerlik het die vertalers, die teologiese skole, die leraars en kerke hierdie Name vertaal en allerlei verskonings aangebied hoe moeilik dit is om hierdie Name in Afrikaans uit te druk, en die verbod op die verandering van die Woord, verontagsaam. Taalkundig gesproke vertaal mens nie 'n naam nie, maar mens translitereer dit. Waarom word net God se Name vertaal, maar al die ander persone se name en plekname bly basies dieselfde?

Hierdie dokument lewer genoeg getuienis dat onreg gepleeg is en word en het die mense wat verantwoordelik is vir die naamskending [laster] van God Almagtig en Sy Seun en Gees hiermee 'n plig om aan God Drie-Enig die nodige eer te bewys.

Jes.52:5 Maar nou, wat vind Ek hier? spreek die HERE [JHWH]; want my volk is vir niks weggeneem, sy oorheersers maak geraas, spreek die HERE [JHWH], en my **Naam word gedurigdeur die hele dag gelaster.**

Jes.52:6 **Daarom sal my volk my Naam leer ken**; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek!

---------------------------------------------------------------------

**[vii] Johovah deur die Voortrekkes gebruik. Voortrekker Argiefstukke:**

**R.39/39.**

Kaapstad
den 13 Juny 1839.

Heer en Vriend!

Met byzonder groot genoegen heb ik het Journaal gelezen, door den heer Bantjes gehouden, ten tyde van uwe groote commando tegen den bloedhond Dingaan. De manmoedigheid en dapperheid van u, en uwe manschappen, is by die gelegenheid uitgeblonken, en de wereld zal met achting en eerbied den naam van *Afrikaansche Boer* horen uitspreken. Terwyl gy met uwen vasten hand, en de stevige vuisten uwer medeburgers tegen den vyand ten stryde toog, hebt gy u aan den magtigen God vast gehouden, en ulieden vertrouwen is rykelyk met den zegen des Allerhoogsten bekroond geworden. Voort aldus voort, myn vriend met onder de vamen (sic) van Johovah te stryden, en Hy zal in uwe gelederen voor u stryden, en met het zwaart der wraak uwer vyanden vernielen. Maar, wat